

INLICHTINGSBLAAIE:
WINGERDPESTE

WINGERDPESTE MIERE



Wat is miere?

Miere is sosiale insekte wat in kolonies saamwoon. Kolonies kan enigiets van 'n paar dosyn tot miljoene individue bevat. Groot kolonies bestaan hoofsaaklik uit wyfies waarvan verskillende tipes spesialiseer in sekere funksies — byvoorbeeld kossoek of verdediging. Die meeste miere kan nie vlieg nie.



FOTO: GRAEME HATLEY PHOTOGRAPHY

FIGUUR 1

Wipstertmiere bou kartonneste uit vesel in boggrondse strukture.

Belangrikste miere in wingerd

Wipstertmier	(<i>Crematogaster peringueyi</i>)
Argentynse mier	(<i>Linepithema humile</i>)
Gewone malmier	(<i>Anoplolepis custodiens</i>)
Klein of swart malmier	(<i>Anoplolepis steingroeveri</i>)

Miere beskadig nie wingerd direk nie. Hulle veroorsaak probleme as gevolg van hulle verhouding met sekere ander insekte. Miere voed op die energierike afskeiding — bekend as heuningdou — van veral wituise, witvlieg, plantluise en dopluise. In ruil hiervoor bied die miere beskerming teen roofdiere en parasitiese insekte.

Wipstert- en malmiere is veral aggressief en kniehalter gevolglik biologiese beheer.

Benewens beskerming help miere ook peste deur hulle rond te dra en dus nuwe kolonies te vestig. Navorsing wys dat die teenwoordigheid van miere op wingerdstokke korreleer met hoër wituise digthede en meer infestasië van trosse.

Wipstertmiere bou sogenaamde kartonneste¹ uit vesel. Sommige kartonneste bied skuiling vir peste soos wituise. Wipstertmiere skep verder probleme deur mense aan te val wat druiwe oes.

Miere is nie uitsluitlik nadelig nie. Hulle verbeter die grond en hulle vreet allerhande peste. Miere jag veral sagte prooi soos larwes van motte en vrugtevlieë wat in die grond voorkom. Dit is dus belangrik om slegs miere te beheer wanneer hulle in skadelike getalle teenwoordig is.

Monitering vir miere

Monitering vir miere moet vroeg in die groeiseisoen begin. Dit moet elke twee weke gedoen word totdat miere in die stokke gesien word. Monitering vir miere kan tesame met monitering vir wiltuis geskied.

Monitor twintig groepe van vyf stokke elk per hektaar — dus 'n totaal van 100 stokke per hektaar. Die groepe stokke moet eweredig deur die wingerd versprei wees. Ondersoek die kordons tot dertig sentimeter weerskante van die sentrale stam. Kyk of daar miere op die kordons is en noteer as aan- of afwesig vir elke stok.

Die totale aantal stokke met miere is gelyk aan die persentasie besmetting vir daardie blok. Beheer is nodig indien twintig persent of meer van die stokke miere het. Beheermaatreëls sal afhang van die tipe mier en dit is dus belangrik om tussen die hoofsoorte te onderskei.



FIGUUR 2

Wipstertmiere is donkerbruin en het 'n hartvormige agterlyf.

WIPSTERTMIERE

Wipstertmiere^{fig 2} is ongeveer vyf millimeter lank en almal dieselfde grootte. Hulle is donkerbruin en hulle agterlyf is hartvormig. Wipstertmiere lig hulle agterlyf wanneer hulle bedreig word — vandaar hulle naam. Hulle bou kartonneste van vesel in die wingerdstok of in ander bogrondse strukture.



FIGUUR 3

Argentynse miere is ligbruin en almal dieselfde grootte.

ARGENTYNSE MIERE

Argentynse miere^{fig 3} is ongeveer drie millimeter lank en almal dieselfde grootte. Hulle is ligbruin. Argentynse miere maak gewoonlik ondergrond nes en hulle nes-opeeninge is klein en onopsigtelik. Hierdie miere verkies relatief vogtige toestande.



FIGUUR 4

Malmiersoldate is heelwat groter as die werkers.

MALMIERE

Daar is twee spesies malmier^{fig 4} wat in wingerde voorkom — gewone en klein of swart malmiere. Hulle lyk baie na mekaar. Die werkers is ongeveer drie millimeter lank en die soldate is tien millimeter lank. Beide is medium- tot donkerbruin. Malmiere maak slegs ondergronds nes en daar is gewoonlik 'n hopie vars grond om die nes-opeening. Hulle verkies om in droë, harde grond nes te maak.

Beheer van miere

Dit is slegs nodig om beheermaatreëls toe te pas wanneer miere in twintig persent of meer van die stokke teenwoordig is. Dekbespuitings word nie aanbeveel nie aangesien dit nadelig is vir natuurlike vyande soos parasitiese wespe wat wiltuis bestry.

Daar is verkeie middels geregistreer vir gebruik teen miere — konsulteer 'n deskundige vir advies. Vir alle miere moet die korrekte middel en dosis gebruik word aangesien miere verskil in hul vatbaarheid vir behandeling. Let ook op dat sommige lande van invoer beperkinge mag hê op sekere middels.

Miere wat ondergronds nesmaak — Argentynse miere en malmiere — word anders beheer as miere wat bogronds nesmaak.



Miere wat ondergronds nesmaak

Spuit stamme met insekdoder. Een behandeling per seisoen is in meeste gevalle voldoende. Na-oes beheer is onnodig en het 'n negatiewe impak op natuurlike vyande van onder meer wilmuis.

Hou in gedagte dat miere ook teen opleipale en ankerdrade opklim en neem voorkomende maatreëls. Verwyder daarby enige hoë onkruid wat kan dien as toegang tot die wingerdstokke.

Miere wat in die stokke nesmaak

Spuit besmette stokke met insekdoder wanneer die stokke rustend is. Benat deeglik en maak seker dat die spuitstof die openinge van kartonneste binnedring.

Voorkoming van infestasië tydens oes en verpakking

Miere in druifwetrosse het al probleme met uitvoere veroorsaak. Gelukkig gebeur dit selde. Moenie trosse wat met wilmuis besmet is in plukkiste plaas nie — wilmuis lok miere — en verwyder enige mierneste in pakstore.



ANNA MOUTON
Skrywer en Tegniese Ontwerper
anna@annamouton.com

TEGNIËSE RAADGEWER

Pia Addison
Departement Bewaringsekologie en Entomologie
Universiteit Stellenbosch
021 808 4671
pia@sun.ac.za